Liewe Familie en Vriende,

Ons is so dankbaar om gesond te kan wees. Ook ons naby familie is gesond. Ons dank die Here daarvoor. Aan elkeen wat op die oomblik siek of bedroef is, wil ons net sterkte toewens, want die Here is naby.

Ons is ook baie dankbaar vir al ons ondersteuners wat nie ophou om vir ons en die werk in Madagaskar te bid en te gee nie. Daarom vertel ons graag hoe dit daar gaan, maar eers 'n antwoord op gebed. Dankie vir almal wat die afgelope 10 jaar al saam met ons bid vir opvolgers om in ons plek Madagaskar toe te gaan. Leon Davids (wat in 2019 saam met my gegaan het om die Moslem-opleiding te gaan doen) en sy vrou Carmen voel geroepe om Madagaskar toe te gaan en saam met pastoor Jonoro te werk, asook saam met AIM (Africa Inland Mission), die organisasie onder wie ons daar gewerk het. As die Here wil, beplan hulle om aan die einde van 2022 te gaan en sal veral fokus op Moslem-evangelisasie opleiding. Hulle vra vir gebedsondersteuning, spesiaal wat betref hulle finansies, onderhandelinge met AIM en dat hulle vir Riley (hulle is tans sy voogde) wettig kan aanneem.

Leon is ook nou betrokke by die Kairos dissipelskap opleiding. Dit is waar ons hom in Athlone ontmoet het. Hy is ook by "Discipling Nations", evangelisasie onder die Somalies in Bellville en by GTCC jeugwerk in Khayelitsha. Carmen is betrokke by "Turn Around", die "midweek-diens" in Gordonsbaai, kos-projekte en "Biscuits and Books" in Sir Lowry's Pass dorp.

Ons het eposse van pastoor Jonoro ontvang waarin hy vertel hoe die koninkryk van die Here in Madagaskar groei:

"Madagascar Mission Novembre Decembre 2020

Merry christmas 2020 & Happy new year 2021

We pray that God lead you in a mighty hand to your ministry. May He will be the blessing to your family as you are a blessing to many.
We are very thankful being blessed seeing first hand of God' work among remote people. God is going deep. He is already there and we just follow His plan and purpose. We are thankful of His work fulfilling His purpose to save lost souls and sending His church.

1- CHURCH PLANTING & LEADERSHIP DEVELOPMENT# The training of leaders, pastors and evangelists from Masikoro and

Onder die afdakkie lê sakke vol rys om uit te deel.

Baie mense kon gehelp word.

Rys is die stapel voedsel en as daar nie rys is nie het hulle nog nie kos gehad nie.

Die mense kry nie net kos nie, maar ook kos vir die siel. Hier is 'n tipiese kerkie. Hout struktuur toegebou met modder stene en met 'n sink dak.

Mahafaly was an encouragement for us, seeing their growth in their spiritual life and ministries. It was the session 2 of two weeks training. New churches and rising leaders.

2- AMBATOMAINTY# God is good for our team being able sent to Ambatomainty by MAF. It is a very remote area and still need the gospel and Bible. God will bless the seed sowed. We pray the Kingdom growing in that area. .

3- HERE# we went down south for relief program to our churches in Mahafaly and Androy for the drought and hunger here. We distributed for 1260 people in 14 churches highly affected by hunger. We are thankful of your contributions. It was an encouragement for their ministries to be visited. And we were seeing the birth of 03 new churches. We continue to pray for rain and seeds again.

We are very thankful of your sacrificial support and devotion in many means to all of that to happen.

Misaotra tompoko "(Baie dankie).

Ons opleidingsentrum in Toliara

Mense kom van heinde en verre uit die platteland vir opleiding. So bereik ons die mins-bereiktes van Madagaskar.

As die Here wil sal ons graag in Augustus Madagaskar toe wil gaan om vir Leon en Carmen te gaan wys hoe dit daar lyk en hulle aan ons medewerkers voor te stel. Hulle kan dan ook "die land verspied" om te kyk waar hulle kan gaan woon en werk soos die Here mag lei.

Groete en seënbede.

Carel en Annetjie

Eposadres: lerouxcarel2@gmail.com -:- Sel +27(0)76 411 1565 / 7 -:- WhatsApp 064 900 1883 of 0646094558